Ma's -vi- Wellington

..wees Jesus se hande en voete

# Ons sê DANKIE ...

DES 2014



Dankie aan ons Hemelse Vader vir 'n jaar van oorvloed, seën en groei !

Dankie vir elke onderneming, huishouding, individu, skool en kerk se bydrae, liefde en ondersteuning, waarsonder dit nie moontlik sou wees nie.

Dankie dat ons kan hande vat en so Jesus se liefde na ander kan uitdra.

Ons het elkeen so baie geleer, gegroei en was bevoorreg om deel te wees van God se plan om aan ander Sy liefde te wys.

Ons kan net getuig van God se liefde en oop hand vir ons kinders.

**ALLE EER AAN DIE HERE !!**



# Ons KINDERS kry " GRAAD"



Aan die einde van elke jaar is daar van ons kinders wat ons verlaat om na die groot skool te gaan.



Hierdie jaar moes ons vir 70 van ons maatjies groet. Ons sê baie dankie vir die voorreg dat ons vir elkeen 'n skooltas met skryfbehoeftes, waterbottel en n kosblikkie kon gee. Die gesiggies het gestraal en hulle was so opgewonde. Baie dankie vir die groot skenking wat ons kinders toerus vir die toekoms !

# 70 Maats kry 'n SKOOLTAS !








# ONS SLUIT DIE JAAR AF



200 Kinders het gespeel, gelag en die jaar afgesluit op 'n hoogtepunt...

Daar was 10 speelstasies en 10 russtasies waar kinders lekkergoed kon geniet . Hulle het eier resies gehardloop, springkasteel gespeel, gesiggies geverf en baie meer...



SPEEL



Die hoogtepunt was die lekker boereworsrolle wat gebraai was terwyl die kinders gespeel het.



BRAAI

BAIE DANKIE !!!



LAG



# KOS VIR DESEMBER VAKANSIE



Baie dankie aan elkeen wat ons help om vir die kinders voeding te verskaf tydens die Desember vakansie.

Soos genoem is kos 'n baie groot behoefte tydens die tyd van die jaar. Ons het reeds Desember begin met die projek en dit sal voortgaan to einde Januarie.

Die terugvoer sover is baie goed en ons kan reeds sien hoe die kos 'n groot behoefte vul by baie kinders. Baie dankie vir jou bydrae, waarsonder daar baie honger kinders gewees het in die feesseisoen.

## KOS vir HONGER KINDERS !



'n Heerlike toebroodjie, eier, vrug, sap en bederfie word uitgedeel op vyf verskillende afsetpunte. Die kinders is in groepe ingedeel wat die taak baie makliker maak en sodoende kan gesien word waar die behoefte die grootste is en kan kinders beter gehelp word.



# KOSPAKKIES VIR GESINNE



40 Kospakkies is uit-gedeel .

Ons is dankbaar vir vrywilligers wat ons kinders help en onder-steun wanneer ons nie self daar kan wees nie. Al het hulle self



min, sorg hulle vir die gemeenskap se kinders waar hulle kan. Die kinders leer dan waar hierdie vrywilligers se huise is ,vir hulp en liefde as hulle dit nodig het.




Baie dankie, julle laat ons Vader se lig skyn.

# Kussings dra boodskap oorsee en plaaslik.



Die Blossom boodskap van Vader se resturasie en liefde is die afgelope jaar versprei in lande soos België, Nederland, Engeland en Taiwan.

Die Blossom dames het dinamies ontwikkel tot 'n pragtige eenheid uit verskeie sosiale gebiede en is nou een groot familie. Nadat elkeen se storie gedeel is, was daar werklik 'n derunis en eenheid en wete dat almal 'n unieke boodskap dra, ongeag kleur en klas.

Die laaste kwartaal het Blossom toegespits om kussings klaar te maak vir die Murray Kersmark. Gaan loer gerus by ons webblad: www.blossomproject.co.za of facebook blad.





Ons wens jou ‘n geseënde rustyd toe en mag jy ervaar hoe groot,wyd en diep die liefde van Jesus vir JOU is !!



**Dankie dat jy saam … JESUS se hande en voete was die afgelope jaar !**

Kontak: Lizette Ferreira 084 368 7667 admin.mvw@telkomsa.net

of Stephanie Henderson 0834595961

Bankbesonderhede: Ma's vir Wellington, Absa Bank,

Rek nr 9193220237